Die plasing van hierdie teks word moontlik gemaak deur die vriendelike samewerking van die DRAMABIBLIOTEEK, Bloemfontein

(Library and Information Services MANGAUNG METRO MUNICIPALITY)

DIE GOEIE HOOP

- Toneelstuk in Een Bedryf -

geskryf deur

J.F.W. Grosskopf

- 1945 -

opgeneem in

Die daad van Koerdi
en twee ander kort toneelstukke

deur

J.F.W. GROSSKOPF
1946

Kontakadres vir opvoerregte:

AKDA: Leana Welgemoed (leanawel4@gmail.com)

DIE GOEIE HOOP

TONEELSTUK IN EEN BEDRYF

Opgedra aan die Afrikaanse Hoërskole vir Seuns en Meisies in Pretoria na aanleiding van hul kwarteeufees, 1945.

DIE GOEIE HOOP

DIE PERSONE

GEERTRUY LECLERCQ (*dramatiese alt*), *jong boerevroutjie.*
Klein GUILLEAUME LECLERCQ, *haar eersteling, stil in sy wieg. Sy voornaam word Ghiejóme uitgespreek, met die slot-e so kort afgeknyp dat dit eintlik meer op* boom *rym as op* bome. *Waarskynlik is in dié dae die* l *nog uitgespreek; dus* Ghieljome *of* Ghieljoom.
CHARL LECLERCQ (*liriese bariton*), *klein Guilleaume se vader.*
HARMEN FRIESEMA (*dramatiese bas*), *flukse, welgestelde boer en heemraad, Geertruy se oudste broer.*
ADAM BLOEM (*operette-tenoor*), *spekulant uit Kaapstad.*

Die handeling vind plaas op 'n jong boerdery-aanleg in die Boland, so iets in die twintig jaar ná die aankoms van die Hugenote. Eenvoudige vertrek met een klein venstertjie. Regs en links (R en L) soos vir die spelers.

Die stuk sou hom leen vir 'n proefneming met die „reliëf-toneel" van 'n paar voet diep, reg voor die effe wit agtermuur, waarteen net 'n armstoel van donker hout, 'n hangende „snaphaan"-geweer en 'n wildsbok se horings afsteek — tesame met die kleuriger kleredrag van daardie tyd.

GEERTRUY

GEERTRUY *kniel by haar kindjie se wieg; blykbaar het sy bietjie gesukkel om hom aan die slaap te maak. As wieg dien 'n Oos-Indiese mandjie wat op die vloer op 'n tiervel staan. Sy praat rustig en in haar gewone spreekstem*: Jou kleine niksnuts! Basta nou speel! Jou mammie het baie werk. (*Skielik onbeweeglik*) . . . . Só-ja! Nog een rekkie . . . . en dan lê jy stil. Ogies toe. En dan sal moedertjie vir jou nog 'n liedjie sing. (*Nog op haar knieë, sing sy*):

Er is een kindetje geboren op d' aard',
't Kwam aangevlogen op Vaar Ooievaar.

Het heeft twee schoone oogjes, zoo zwart als laget,
Twee bleuzende kaakjes, dat staat hem zoo net.

Hij keek naar zijn moeder en lachte zoo snel,
Hij kende de liefde zijns moeders zoo wel.



Sy gooi 'n kushandjie na die kind en druk met ligte vingers die kombersie nog vas; kyk om na die deur.

CHARL *L. op.*

CHARL, *blykbaar in 'n kwaai bui*: Daardie verwenste wind! *Meer verbitterd as toornig gooi hy sy hoed neer in die hoek en bars onnatuurlik hard uit*: Hy waai en waai nog ewig; nou al die agste dag! Vervloekte wind!

GEERTRUY, *nog eer sy opstaan, glimlag hom lief, byna moederlik toe; hou haar vinger teen haar lippe en sê in haar gewone praatstem*: Maar vadertjie moenie sy seuntjie wakker vloek nie! (*Sy staan sierlik op en kom troostend na hom; sit haar hande op sy skouers en gee hom 'n soen*): Goeien-môre, Charl. — Ja, is die suidoos nie vreeslik vanjaar nie?

CHARL, *bedaarder, hou 'n rukkie vriendelik haar hande vas; dan weer effens nukkerig*: Waarom moet my seun altyd slaap as ek na hom toe kom?

GEERTRUY *lag*: As hy slaap, word hy sterk.

CHARL: Ek weet byna nie hoe lyk sy oë nie.

GEERTRUY: Kyk in 'n spieël! Hy het sy vadertjie se oë: „Twee schoone oogjes, zoo zwart als laget." (*Sy neurie die laaste woorde half; stryk liefkosend oor sy winkbroue en voorhoof*): Maar so donker en dof mag vader se oë nie kyk nie!

CHARL, *effens verleë; sit sy arm om haar middel en trek haar teer nader na hom*: Ag, my kleine vroutjie. Maar hierdie suidoostewind raak my baas! Dit is so anders as enige ander wind. Hy terg, hy verbitter my! Ek kan nie slaap in die nag nie. Ek lê en luister na sy buie. As hy effens bedaar, dan weet ek dis net om ons met kwaaier woede te bekruip. Ek het twee maal opgestaan vannag om te kyk of die dak nog hou.

GEERTRUY: Ek het dwarsdeur geslaap, en ons kindjie ook.

CHARL: Ek moet waak oor julle veiligheid.

GEERTRUY: Maar wat sou dan kan gebeur, my man?

CHARL: As hy 'n gat sou ruk in die dak, lig hy dit skoon af of laat dit bo julle kop afstort.

GEERTRUY: Dit kan tog nie gebeur nie. Jou dak is nuut en deeglik gemaak van sterk balke en die beste rogstrooi.

CHARL: Tog het hy by die wolwe-end bossies strooi al beginne uitpluk. Ek het ou Doman gestuur om 'n stuk seil daaroor te probeer vasmaak met sterk geteerde seilgaring wat ons deur wil trek; maar voorlopig is dit onmoontlik om buite op die dak te kom.

GEERTRUY, *troostend*: Dit sal seker aanstons 'n rukkie gaan lê. Dis lief van jou, Charl, om jou so oor ons te bekommer. Ek is glo van kleins af te gewoond aan die oostewind.

Skielik word 'n veel geweldiger stoot van die wind gehoor en gevoel. Albei kyk op.

CHARL, *weer verbitterder, kyk by die venster uit.*

GEERTRUY: Vandag is dit darem besonders kwaai!

CHARL, *somber*: Die dak is miskien nog die minste. Maar .... hoe moet ek julle kos gee en jul versorg as my hele arbeid van die jaar so verwoes word? Ek twyfel of ek brood vir ons huisgebruik sal wen.

GEERTRUY: Ons sal nie verhonger nie, my liewe man.

CHARL, *met 'n wanhopige gebaar*: En waar moet die geld vandaan kom? Ek glo nie daar sal vanjaar iets wees om te verkoop nie.

GEERTRUY, *kinderlik*: Is geld nou so nodig? (*Sien sy uitdrukking*): Dan moet ons maar my spaarpotjie aanspreek; daar is seker vyftig riksdalers daarin.

CHARL, *aangedaan*: Geertruy, dit is lief van jou. (*Ongemaklik*): Maar my klein vroutjie verstaan nog nie wat geldmoeilikhede is nie. Ek is baie bekommerd .... (*Moedeloos*): Ag! Party dae dink ek as ek 'n redelike prys kan kry, moet ek alles hier maar liewer verkoop — en iets anders probeer.

GEERTRUY *kyk hom met groot, verskrikte oë aan*: Charl! Dit meen jy nie waarlik nie?

CHARL *laat sy kop hang*: Die teëspoed bly maar op my hakke. As jy jou vasgeloop het, is dit die verstandigste om betyds terug te draai .... Ek is armer as die jaar voor ons troue.

GEERTRUY, *ernstig*: Maar my liewe Charl, nou reken jy mos glad verkeerd! Wat van die lande wat jy nou weer skoongemaak het? die nuwe buitegeboue en die watervoor? die stuk wingerd wat jy vanjaar bygeplant het? en die jong vrugtebome wat so mooi vorder? En dis so groeisaam hier by ons! Jy het my self vertel, die persikeboom hier voor waar jy die bank gesit het vir ons tweetjies, die het jy presies een jaar voor ons verlowing geplant. Vandag staan dit nog maar 'n bietjie meer as vier jare — en onder sy lower sit ek op die bank elke môre die wieg van ons kindjie nou al neer.

CHARL: Ag ja! Maar wat kry ek terug vir al my arbeid en uitgaaf?

GEERTRUY: Jou beloning moet mos later nog kom.

CHARL, *bitter*: En my vee? Voor my troue was dit selfs meer as vandag.

GEERTRUY: Maar dis mos net deur die vee wat Hottentotte van agter die berg vergange kom roof het — en daardie bloeddorstige tier (*kyk na die tiervel op die vloer*) wat só gewoel het onder jou kalwers en skape.... Maar kyk nou hoe pragtig het hulle daarna weer aangeteel. En kyk my hoenders en ganse en kalkoense hane!

CHARL *glimlag vriendelik maar weemoedig*: Jy is 'n dierbare vroutjie, met 'n hartjie vol hoop en verwagting.... Maar watter behoudenis is daar in hierdie land vir ons seuntjie te wagte?

GEERTRUY *kyk hom ontsteld aan.*

CHARL, *byna dromerig*: Ek wil hê hy moet eendag 'n beter lewe hê as sy vader; hy moet 'n rol speel onder die mense! My grootvader was 'n vername raadsheer, 'n *conseiller de la ville*. Maar my vader het nie van die stad gehou nie; hy het ons familie-landgoedjie in die Provence verkies. Daar was hy gelukkig en voorspoedig; 'n man van aansien in sy eie omgewing. — Toe kom die vervolging van die Hugenote. — Alles verniet!

GEERTRUY, *fier*: Ek is so trots op my skoonvader. Sy oortuiging was vir hom meer as voorspoed of as aansien by die mense.

CHARL *trek sy skouers pessimisties op; meer teen homself:* Waarvoor?.... Die evangeliese leer het een maal sy honderdduisende getel in Oostenryk; Pologne [Pole] was al byna Protestants — en ook die bestes in ons skone Frankryk.... En toe, toe kom daar 'n skroeiende wind van verwoesting oor hulle. Waaróm? (*Met 'n byna spottende laggie*): Ons groot Protestantse koning Henri Quatre [Henrik IV] die het gereken: Die kroon van Frankryk is wel 'n misse werd.

GEERTRUY *kyk hom met ontsteltenis aan; dan moedig:* Dan was hy nie waarlik groot nie!

L. buite klap 'n deur hard; albei kyk soontoe.

HARMEN *L. op.*

HARMEN, *groot forsgeboude, opgeruimde boer met 'n rooierige baard. Met bulderende stem*: Môre, môre! Magtie, mense, is dit nou 'n dag om 'n sieklike en gebreklike man soos ek, nog voor sy agtúúr-ete, meer as 'n halfuur ver deur so 'n stormwind te laat roep?

GEERTRUY, *nog eer hy klaargepraat het, hardloop en omhels hom*: O, Ouboet, ek is so bly dat jy kon kom!

HARMEN *klop haar liefdevol op die wang; dra haar amper saam met hom om Charl se hand te skud*: Dag Charl. (*kyk na albei*): En toe, wie lê op sterwe? Julle twee lyk my redelik fris.

GEERTRUY, *vroliker*: Ag, die hotnotjie het seker die boodskap weer half afgegee.

HARMEN *praat nog net so hard*: Hoe gaan dit met die eersteling, die wonderkind?

GEERTRUY, *stralend*: O, hy is te fraai, en tog so soet. (*Kyk na die mandjie, skielik waarskuwend*): Hy slaap!

CHARL, *droogweg*: As die gehuil van hierdie wind en swaer Harmen se leeugebrul hom nie wakker maak nie, dan het hy waarlik 'n geseënde slaap!

GEERTRUY *lag; praat tog bietjie sagter*: Nee wat, ek maak hom só groot dat hy van natuurlike geluide nie wakker word nie.

CHARL: Noem jy dit natuurlike geluide?

HARMEN: Ja, dis reg! Die man hier op die voorposte het juis 'n rustige slaap nodig. Maar....met die sagste geritseltjie van onraad in die nag — Bossiemans[1]) wat vee uit die kraal kom ja, of 'n wildekat by die hoenderhok — moet hy dadelik wawyd-wakker wees. Julle seun moet sterk en lewendig word. Nou moet hy nog slaap. — (*Met 'n glimlag na Geertruy*): Groei hy? Laat my voel hoe swaar hy al is.

GEERTRUY *keer*: Maar jy sal hom wakker maak; jy sou hom kneus met jou growwe hande.

HARMEN *kyk na sy hande; ernstig*: Maar hulle kan 'n lammetjie of 'n mensekindjie so sag aanvat soos baie min mense. (*Lag vrolik*): Suip seker soos 'n soldaat?

GEERTRUY, *verontwaardig*: Skaam jou!

HARMEN: Nee! Dis nogal belangrik: by 'n kalfie presies soos by 'n jong mensie. Maar laat my dan die stierkalfie sien.

---

[1]) Vgl. FRANKEN: „Boesman," *Tydskrif vir W. en K.*, XVI, 2; Jan. 1938.

GEERTRUY: Ouboet! Hoe kan jy so lelik praat?

HARMEN *vat Geertruy se kop tussen sy hande*: Ag, ek is mos net so trots op die outjie soos julle self — my peetseuntjie. Ek het mos nie 'n seun nie; ....maar miskien kom die naamdraer nog! Ek het sewe dogters....

CHARL, *somber*: Ja, dis 'n groot verantwoordelikheid.

HARMEN *gaan rustig voort sonder om hierop te antwoord*: Waarskynlik sal my familienaam verdwyn. (*Warmer*): Maar van julle broer se bloed sal vér in hierdie land van Afrika hul spore trap! — En Sondag het ek uitgereken, as elkeen van my dogters ook weer net sewe kinders het, dan is dit negen-en-veertig....en dié elkeen ook weer ses of sewe, dan is daar oor die driehonderd agterkleinkinders van Harmen Friesema! Dit laat jou hart warm klop om daaraan te dink!

GEERTRUY *kyk hom met blink oë aan;* CHARL *bly krities stil.*

HARMEN, *skielik weer alledaags*: Maar ek weet nog nie waarvoor julle my laat roep het nie.

CHARL: Geertjie het aangehou ons moet jou hulp vra.

GEERTRUY: Ag, Ouboet, Blommetjie is siek! Sy is nou eintlik ons melkkoei. Jy het haar mos self aan ons seuntjie gegee. Ek het só staatgemaak op Blommétjie; een van die dae moet ek Willempie mos speen. Charl en ek weet nie wat haar makeer nie.

CHARL: Ja, Swaer, en as Geertruy met 'n siek dier radeloos is, dan weet ek ook nie bra raad nie. Sy het so 'n slag met alle soorte diere — al die gehaarde of geveerde goed — so 'n g e v o e l. Nou die dag was daar 'n wilde Hottentotse vers wat iedereen gestorm het wat naby haar kalfie kom; maar toe Geertruy aan die kalfie gaan vat, het sy net so bietjie onrustig geblaas en die kalfie begin aflek.

GEERTRUY *lag*: Sy het geweet ek is ook 'n moeder.

CHARL: Met plante kweek en met bome ent, weet ek, het maar weinige 'n hand soos ek; osse en 'n ploeg kan ek ook hanteer; maar die eintlike oog en hand met vee, soos Geertruy, het ek nie. — En tog lyk dit vir my sal veeboerdery hier nog die hoofsaak word.

HARMEN: Vee en landerye moet saamgaan, hulle moet saamvoeg. Die een vir die ander. Soos twee hande nodig is om hande te was. Julle twee pas net reg saam.

CHARL, *skielik weer grimmig*: Luister hoe ruk en pluk daardie wind al weer dat die huis eintlik skud! My plan was om Maandag te beginne sny. Maar my koring is seker alles uitgegésel. In my anderhalf morg jong wingerd draai hy àl die stokkies se nekke af. Nee wat, in hierdie land kan geen beskaafde mense boer en lewe nie!.... Ek was maar elf jaar oud toe ons hierheen gekom het; maar vandag nog is ek nie seker of ek die nuwe lewe regtig kon aanwen nie.

GEERTRUY *laat droewig haar kop sak.*

HARMEN, *gou*: Ons taal het jy darem so goed leer praat soos onsself, Charl.

CHARL: Ag ja, taal!

HARMEN: En ons gewoontes. En ons boerdery verstaan jy beter as die meeste by ons.

CHARL: Ek het te veel onthou van wat agter lê.

HARMEN, *strenger*: Het jy dit maar liewer vergeet! Jy het te veel p r o b e e r onthou wat agter lê — waarskynlik verkeerd onthou. Kyk vorentoe! (*Vriendelik*): Kêrel, jy het te laat getrou. As jy, soos ek, met een-en-twintig getrou het, dan sou jy nie tyd vir herinnering—of bekommering — gehad het nie.

CHARL: Nou sê my, Swaer: Wat h e t ek vandag ná al die jare van werk?

GEERTRUY: 'n Pragtige seun!

CHARL, *sonniger*: Ja, my eie seun, Geertjie. Dis omtrent die enigste ligstraal. (*Meteens weer neerslagtig*): En juis oor sy toekoms in hierdie land is ek teenswoordig so bekommerd.

HARMEN, *bietjie ongeduldig*: Kêrel! kyk na die pragtige lande wat jy gemaak het.

CHARL: Wat die suidóos daarvan oorgelaat het!

GEERTRUY: En hierdie gawe huis van ons.

CHARL *kyk haar nie aan nie*: 'n Hut!

Wiele en perdepote word buite gehoor.

HARMEN *kyk by die venster uit; skuinsweg, heeltemal na R.*: Arrie! Dis vir jou perde dié! En daardie Slamaaier kan die leisels hanteer.

CHARL *kom ook kyk, nou al effens meer na L.*: En kyk die koets. Dit lyk 'n deftige heer uit die Kaap.... (*Bitter*): Hier kom hulle spog en vermaak hulle oor ons sukkelende boere.

GEERTRUY, *sag*: Charl, my man!.... Nee, ek dink jy is siek.

CHARL *kyk agter die koets aan, àl skuinser na L.*: Maar die meneer in die koets draai by ons hek in; hy kom hierheen.... Ek moet hom ontvang. (*Tel sy hoed op.*)

CHARL *L. af.*

HARMEN *kyk nog*: O hede! Nou ken ek mos die perde.... Ng! Ons het net gepraat van Blommetjie wat siek is — en nou is dit daardie welriekende Amsterdamse Jood.

GEERTRUY: Watter Jood?

HARMEN: Adam Bloem.

GEERTRUY: Maar Ouboet! Hy is dan kassier-diaken van die Kaapse Kerk.

HARMEN *trek sy neus op*: Ag ja, die Kerk!

GEERTRUY, *berispend*: Ouboet!

HARMEN: Ek kan ook nie sê dat hy van die Jodenasie is nie; ek dink dit eintlik nie. Maar 'n jood bly hy tog!

GEERTRUY: Dit verstaan ek nie, boet Harmen.

HARMEN, *met 'n skewe laggie:* Geld is ál wat sy siel aan dink, waarvoor hy lewe — en liefs kry hy dit in hande.... sonder die arbeid van sy eie hande. Geertjie! jou liewe handjies is sterker en vaster as Bloem se wit, verwyfde spekpote.

GEERTRUY: Jy hou ook nie van meneer Bloem nie, Ouboet?

HARMEN *druk sy lippe opmekaar:* Is jy lief vir 'n spinnekop?

GEERTRUY: Ag, my groot broer. En dit voel vir my juis asof meneer Bloem vir Charl slegte raad gee. Sewe of ag weke gelede was hy ook al hier. Van toe af lyk dit my asof Charl .... (*bly skielik stil*). Hy het hom in die Kaap leer ken — toe ons seuntjie aangekom het.

HARMEN: Ek hoop dat Charl nie na sy soort praatjies luister nie. — (*Kyk weer uit*): Potvertikkie! Kyk hoe maak hy juis 'n eerbiedige buiging vir dié gladde smeerbuik .... En ingearm kom hul nou aangestap! — Nee, sustertjie; ek staan by jou en by jou pragtige seunkind daar. (*Kyk na die wieg.*)

GEERTRUY *kyk ook daarheen, kom dan digteby Harmen staan. Sy hoor die ander binnekom; haastig:* Ouboet! Vandag moet jy nie net vir Blommetjie help nie — maar ook jou kleinsus.

ADAM BLOEM *en* CHARL. *L. op.*

BLOEM, *in klere wat eintlik te spoggerig is vir 'n landreis in 'n koets:* Affreus! (*Waai aanstellerig met 'n kantomboorde sakdoekie die stof uit sy oë. Maak 'n oordrewe galante buiging na die kant van Geertruy*): 'k Heb d' eer, Mevrouw!

GEERTRUY *knik ewe gasvry vir hom.*

BLOEM *swaai dan om na die kant van Harmen, buig effens minder swierig:* Mijnheer!

HARMEN *gee 'n karikatuur van 'n deftige buiging terug.*

BLOEM *verloor geleidelik sy „deftige" stem en maniertjies:* Dja. Affreus is hierdie wind! Daar anderkant op die Rooihoogte het dit vir my gevoel die wind gaan my nuwe kosbare koets in die afgrond afslinger . . . . Maar as 'n man werk het, mag hy hom aan weer en wind nie steur nie.

HARMEN, *ewe ernstig en beleef:* Werk? meneer Bloem.

BLOEM: O ja! — Party gebruik net die hande; ander hulle kop.

HARMEN, *met vertoon van belangstelling:* En dit betaal glo ook beter, meneer Bloem?

BLOEM, *dood-natuurlik:* O ja . . . . vir wie die nodige k o p daarvoor besit.

GEERTRUY: Sal meneer Bloem ons eenvoudige agtuur aanstons nog saam met ons gebruik?

BLOEM *skud sy kop:* Dankie, skone Geertruy! Ek het al vroeg opgestaan; ek het by julle bure 'n ontbyt reeds genuttig. Nou het ek net gou hier aangery om met jou waarde man 'n sakie te bespreek.

GEERTRUY: Dan verskoon u my, meneer Bloem? Ek het my broer laat roep om my met 'n siek koei raad te gee. Hy is self 'n besige man.

BLOEM *maak weer 'n deftige buiging:* Alte seker! O, die pastorale het vir my altyd sy eie bekoring.

GEERTRUY, *draai bietjie vererg weg:* Ouboet, sal jy my asseblief help om die kind se mandjie hier uit te dra? In die voormiddag laat ek hom altyd hier onder 'n boom

se koelte staan. (*Sy bind haar halsdoekie oor haar hare vas.*)

BLOEM: Die stamhouer is ook aanwesig? Die egte voorvaderlike gesinslewe!

HARMEN *kyk duidelik weg van Bloem; laggend:* „Help," Geertjie? Ek sou jou tesame met die mandjie kan uitdra!

GEERTRUY: Maar jy mag hom wakker skud.

HARMEN: Nie ek nie. (*Gaan na die mandjie en tel dit baie sag en sorgvuldig op. Kyk nie weer na Bloem nie.*)

GEERTRUY, *net so; hou die deur vir Harmen oop.*

HARMEN *en* GEERTRUY *L. af.*

BLOEM *kyk agterna:* Die familielewe het wel sy touchante [aandoenlike] oomblikke.

CHARL, *onrustig:* Meneer Bloem, ek het nog nege weke tyd.

BLOEM *hou sy linkerhand op:* My waarde! Daaroor praat ons glad nie. — Ek kom as vriend na jou met 'n verlokkende aanbod. (*Luister skielik na die wind*): Maar gedug bly dié wind tog warempel! Dis hier nog kwaaier as in die Kaap. — Nou wel; 'n maand of wat gelede het ons die *affaire* mos al . . . . lig aangeroer.

CHARL: Watter affaire? Ek onthou nie.

BLOEM, *met indringerige vertoon van belangstelling:* Charl, voel jy jou vandag as boer gelukkiger as toe ek laas . . . .

CHARL *bars uit:* Vandag! Juis vandag het ek geen rede om gelukkig te wees nie. Waarom het hulle die Stormkaap ooit omgedoop tot Kaap die Goeie Hoop? Maar miskien was die eerste naam a l t e toepaslik . . . . Hoe is ons arme Hugenote nie besiel deur die naam van „le Cap de Bonne-Espérance" nie!

NATIONAL DRAMA LIBRARY
NASIONALE DRAMA BIBLIOTEEK
BLOEMFONTEIN

BLOEM: Maar baie van julle woon hier gelukkig en tevrede.

CHARL: Ag ja, dié wat in Frankryk ook maar kleinboertjies of werksmense was . . . . Net dié kan 'n opregte boer word vir wie die boerelewe self 'n vreugde en 'n beloning is.

BLOEM: Ja! (*met baie kort a*). My eie smaak sou dit nie wees nie. (*Kyk na sy sagte hande en die ringe daaraan; stryk oor sy satyn-onderbaadjie.*)

CHARL *skaam hom skielik:* Tog moet ek toegee dat dit ook vir my 'n werklike genot kon wees, selfs sonder rykdom. (*Luister met verbittering na die wind*): Maar hoor! Hoor tog die tormént van daardie wind! Al my arbeid en koste maak dit tot niet binne 'n paar dae.

BLOEM: En die mens wil tog sien dat sy geld en sy werk hom iets inbring. (*Kyk Charl vas aan*): Charl, sou jy geneë wees om jou plaas voordelig te verkoop? Voordelig.

CHARL *draai half verskrik na hom:* Waarom vra meneer Bloem?

BLOEM, *deelnemend:* Toe ek laas hier was, kon ek mos al merk dat die harde en karige boerelewe jou nie kan bevredig nie.

CHARL: D i t is nie heeltemal waar nie.

BLOEM: Nee! Vir 'n man van jou beskawing en afkoms kan hierdie enge en nederige arbeid net bedruk.

CHARL: Dis nie só nie! Maar as daar op jou arbeid van hand en verstand geen seën rus nie; as jy altyd weer teruggegooi word — dan word jy bedruk. En nou het ek 'n seun; aan sy toekoms moet ek dink.

BLOEM, *met betekenis:* Ek kom jou vra of jy, teen 'n voordelige prys, jou boerdery sou wil verkoop. (*Kyk in sy oë*): En dan word ons twee se rekeninkie ook meteens vereffen.

CHARL, *angstig:* En dan, as ek verkoop het?

BLOEM, *met 'n breë gebaar:* Vir 'n man met jou gawes is daar dadelik op ander terrein veel groter moontlikhede.

CHARL *kyk hom twyfelend aan.*

BLOEM: Graag mag jy ook op my raad en my hulp reken. (*Spoggerig*): Want van kanse in die *negocie* [koophandel] hier aan die Kaap — met verbindings na Batavia en Amsterdam — weet niemand meer as ek nie. My kennis staan tot jou diens!

CHARL: Eerbare sake, meneer Bloem?

BLOEM, *byna in trane:* Maar, Charl, my vriend!

CHARL: En my handelskapitaal? Waar kom d i t vandaan?

BLOEM, *met so 'n ronde handbeweging:* Die kooppenning vir jou plaas.

CHARL: En hoeveel sal d i e nou wees?

BLOEM: Ek het gepraat van 'n voordelige prys.

CHARL: Nou; laat ons aanneem dit is so: W a t begin ek dan? — (*Halfhartig*): Ek het partykeer al gedink om verder te trek . . . . waar die wind nie so woes is nie.

BLOEM, *minagtend:* Weer so 'n boeregesukkel? — (*Geesdriftig*): Nee! Ek het 'n beter voorstel. Jy koop vir jou 'n goedgeleë huis in die Kaap. — Man, ek dink byna daar is ene wat ek vir jou sou kan kry. Uitgestorwe boedel. 'n Kopie! . . . . Jy sal net 'n ry kamers moet aanbou waar jy reisigers kan herberg. Die offisiere en stuurlui van die skepe is aan land graag spandabel met hulle geld. My beskeie fortuin het ek self eers daarmee beginne opbou. — En veral moet jy sorg om bietjie egte Rynse en Franse wyne te hê; (*knip sy oog*): jy kan van jou pa se goeie wyn daar bymeng! Vir die begin kan ek ook van dié wyne aan jou besorg; met die laaste vloot het ek juis heelwat daarvan ingekry.

CHARL *skud baie ernstig sy kop:* Nee, daarvan sal Geertruy glad nie hou nie. Maar ek ook nie.

BLOEM *kyk hom byna verslae aan:* Maar wil jy nie maklik geld maak nie? Watter beroep sou jy dan verkies?

CHARL, *bietjie skamerig:* Dit sou vir my 'n vreugde wees — as ek in die stad moes woon . . . . om 'n skool te begin. Ek het altyd 'n liefde vir boeke gehad.

BLOEM *is 'n rukkie sprakeloos:* 'n Skool? God! dit kan 'n man van jou stand tog nie doen nie. Jy sou daarby ook honger ly!

CHARL: Maar dan het ek dit hier mos nog beter.

BLOEM *skrik; dan baie opgeruimd:* Nee. Ek het 'n plan! Jy koop 'n kleiner huis in die Kaap — groot genoeg vir julle drietjies — en dan word jy *participant* [deelhebber] in party van my ondernemings, met die res van jou kapitaal. Met een aandeel van die wins teen my twee. — Maar dan besorg vir vir ons die korrespondensie. (*Bietjie verleë; kyk na sy hande*): Ek . . . . ek het stywe vingers.

CHARL: My kapitaal? — (*Luister moedeloos weer na die wind*): Waarvandaan? Luister na dié vervloekte suidóos! Wie sou aangetrokke voel tot 'n plaas wat die wind só verwaai het? Dis vandag die agtste dag. — Wie sou my 'n goeie prys wil gee?

BLOEM, *amper vaderlik troostend, terwyl hy hom listig aankyk:* Wel, Charl, ek self sou jou plaas kan koop. Ek kan mos sien watter verbeterings jy gemaak het. En jou aanplantings en al die lande wat jy skoongemaak het, maak heeltemal 'n goeie vertoning.

CHARL *kyk hom vraend en byna wantrouend aan:* U dink tog nie self daaraan om te kom boer nie, meneer Bloem?

BLOEM *lag lekker:* Nee, so dwaas is ek nie. Ek wil my nie laat vasknoop aan hierdie land nie. — Ek hou van besittings wat jy in jou sak kan dra — of in 'n tassie of in 'n paar reiskoffers . . . . Wat ek glo, is dat ek dan weer 'n koper sou kan kry, wat wel so dwaas is — en wat die geld het.

CHARL *kyk hom aan:* Maar, meneer Bloem, dan sou ek mos self so 'n koper kan gaan soek.

BLOEM, *baie versigtig; uit die hoogte:* Waar sou jy so iemand gaan soek? En jy weet ook: Wanneer 'n man na jou kom met 'n perd wat hy aan jou probeer uitveil — sou jy dit koop, tensy jy reken dat jy dit baie goedkoop kry? Maar ek . . . . ek kom oral rond; en hou my oë en ore oop. Ek sou aan jou 'n voordelige aanbod vir die plaas kan doen; en dan my kans afwag om 'n koper te kry wat so 'n plaas soek — en aan my weer 'n bietjie m e e r daarvoor sal gee.

CHARL, *terughoudend:* Waarom kan ek meneer Bloem nie liewer 'n vaste makelaarsloon daarvoor aanbied nie?

BLOEM: Nee! Ek is 'n koopman; ek koop en ek verkoop. Partykeer mag ek daarby verloor; ek sit darem nooit al my geld op een kaart nie. — Toe, sê vir my: hoeveel kontant reken jy dat jy vir jou plaas behoort te kry? Losgoed en vasgoed. Behalwe, natuurlik, jou huislike besittings.

CHARL, *onrustig:* Ek moet eers bietjie uitreken, en alles tel en opskrywe.

BLOEM, *nou self bietjie onrustig:* Maar sê dan so n a a s t e n b y 'n prys. Glad nie as 'n bindende aanbod nie.

CHARL *skud sy kop.*

BLOEM, *met 'n aanmoedigende glimlag:* Jy ken jou plaas en wat daarop is. As jy nou vandag los geld genoeg gehad het, en jy soek 'n plaas — hoeveel sou jy vandag vir hierdie boerdery aanbied?

CHARL: Vandag? (*Kyk ingedagte op.*)

BLOEM *kyk skerp na sy gesig:* Sou jy, om nou maar iets te noem, 'n sewe-; nee, laat ek sê: sesduisend Kaapse gulde daarvoor betaal?

CHARL: As ek moes koop? (*Skud sy kop*): Nee. Ek glo nie ek sou sesduisend gee nie.

BLOEM *lag hartlik en klop hom op sy skouer:* Nou, Charl, luister: as 'n ou vriend van jou maak ek jou hier op die plek die aanbod van sesduisend gulde, kontant. — Nou leer jy die waarde van 'n koopman verstaan!

CHARL *kyk hom skerp aan:* En waar gaan meneer Bloem weer 'n koper kry? Met 'n wins, begryplik.

BLOEM, *vrolik:* Ek het jou gesê, af en toe verloor ook ek; gewoonlik darem nie. Maar ek sal jou vertel, want ons is goeie vriende, dat ek een of twee mense wel in die oog het; vernaamlik ene . . . . Jy moet jou mense leer skat — en op die regte tyd onthou.

CHARL: Wie is daardie ene?

BLOEM, *belangrik:* Nee, sy naam kan ek nie noem nie. Jy sal hom ook nie ken nie. Maar ek het so 'n h o o p . . . . Ek sal darem met jou ope kaart speel, Charl. Dis 'n Compagniesdienaar, nog maar kort hier aan die Kaap. Hy is so pas bevorder tot opperkoopman; . . . . en die vent is so onnosel om nou die diens van die edele Compagnie te wil verlaat, juis waar hy lekker kanse kry om vir homself bietjie voordelige besigheid te doen.

CHARL: Waarom wil hy dan juis boer?

BLOEM, *minagtend:* Dis een van daardie gevoelsmense. Hy was jare lank in die vuile Ooste; en nou is die Kaap vir hom so mooi. (*Asof hy skielik 'n goeie idee kry*): En . . . . hy is smoorverlief op 'n blonde Kaapse meisie, die dogter van 'n boer deuskant Stellenbosch. Hy is self gebore in die wynstreek van die Ryn, en nou begeer sy digterlike siel niks anders as 'n wynplasie, 'n paar vrugtebome, veediere, en 'n bergfonteintjie nie. — (*Trek sy skouers op*): Maar; my spekulasie mag misloop. Dan moet ek 'n bietjie wag op 'n ander een. (*Kyk, blykbaar hoogs tevrede met homself, by die venster uit.*)

CHARL *bestudeer Bloem van die kant:* Ek moet eers dink daaroor.

BLOEM, *soetsuur:* Goed, Charl, dink daaroor; oor tien of veertien dae kom ek weer hierlangs . . . . En al sou jy ook uitvind wie die man is, sou dit jou nie betaal om self jou boerdery aan hom aan te bied nie. Onthou: Hy is 'n koopman; en jy is soos die kêrel wat rondry om 'n perd te probeer verkoop!

GEERTRUY *en* HARMEN *L. op.*

GEERTRUY, *bly:* My man; dit was goed dat ons Harmen laat kom het. Hy het ook dadelik twee van daardie gifbosluise raakgesien wat weggesteek aan Blommetjie sit. Dis net daardeur dat sy so styf geloop het en koorsig geword het. Hy het met sy mes hulle bolyf afgesny en 'n bietjie Stockholmse teer daaraan gesmeer. — En jy moes dit gesien het. Charl! Blommetjie het so soet stilgestaan; met haar groot sagte oë. Sy het geweet ons kom haar help.

BLOEM, *hoflik en tog vrypostig:* O Geertruy, jy praat soos 'n herderinnetjie uit 'n herdersdig — die soort gedigte wat nou in Patria so in die smaak is.

GEERTRUY: Moenie spot nie, meneer Bloem.

BLOEM: Geensins, bekoorlike herderin! (*Draai skielik na Harmen*): Maar kyk, hier het ek 'n skitterende kopie vir 'n welgestelde man soos jy, Friesema. 'n Kleinood van die silwersmedery; 'n adellike snuifdoos. (*Haal 'n voorwerp wat in 'n doekie toegedraai is uit sy sak; maak dit oop.*) Het vermoedelik uit 'n deftige Franse kasteel gekom. Seker gesteel. Moontlik dat die koning van Frankryk daar self 'n *prise* uit geneem het . . . . 'n Franse deserteur het dit in die Kaap verdobbel. Toe het ek dit van die wenner gekoop. Kyk nou net daarna, Friesema! Dis in Parys drie keer soveel werd as wat ek van jou daarvoor sal verlang.

HARMEN, *met koele beleefdheid:* Dankie, meneer Bloem. Maar met sulke snuisterye hou ek my nie op nie.

BLOEM: Ag nee! . . . . Of jy, Charl Kyk na dié fyne ciselléring; die ingelegde robynstene; en ag! hierdie delikate miniatuurskilderytjie van 'n trotse Franse skoonheid. Kyk daarna: 'n Kunswerkie uit jou geboorteland! Kyk net!

CHARL *neem dit onwillig in sy hand:* Dit pas nie by ons nie.

GEERTRUY *kom dit kinderlik nuuskierig beskou; laggend:* Nee, glad nie, meneer Bloem. As Charl dikwels na daardie fraai gesiggie kyk, dan word hy sekerlik teë vir sy boeredogter van die Kaap.

BLOEM: Geensins, skone Geertruy. (*Met 'n astrant-vleiende buiging*): Die man van smaak — en (*amper asof hy sy lippe aflek*) van kennis — verkies altyd die lewende blosende skoonheid bo die koue geskilderde.

CHARL *gee vererg die snuifdoos terug:* Nee, meneer Bloem, laat staan nou!

BLOEM, *ongeërg:* Maar wat sê ons herderinnetjie dan van 'n stel verruklike Chinese teekommetjies? Ek het 'n monster in my koets; ek sal dit gou haal om te wys.

GEERTRUY, *duidelik:* Nee, meneer Bloem, ook dit nie.

BLOEM, *geesdriftig:* Maar dis so dun soos 'n eierskaal — en tog sterk; jy kan 'n kers se lig daardeur sien. Dit het 'n sierlike blou blommepatroon. Ek het dit spotkoop gekry by 'n stuurman van die laaste retoervloot; hy was kort van geld. Aan julle sou ek dit met 'n skamele eie winsie oorlaat.

GEERTRUY, *beslis, skud haar kop:* Nee! Nou nog nie. — Maar terwyl ons van teekommetjies praat, mag ek aan meneer Bloem nie 'n bietjie tee aanbied nie?

BLOEM: Dankie, mooie kind! Ek is 'n besige man van *affaires* [sake]; ek moet nog by verskeie van julle bure aanry en vanaand weer in die Kaap wees. Ek moet helaas dus afskeid neem — (*kyk na Charl*): tot 'n ander dag. (*Groet Geertruy met 'n hoflike buiging.*)

HARMEN, *met net so 'n hoflike buiging, maar met duidelike afstand en kort-af stem:* Veilige reis, meneer Bloem!

CHARL: Ek sal meneer Bloem na sy rytuig begelei.

BLOEM *maak by die deur nog 'n sierlike buiging vir die agterblywendes.*

BLOEM *en* CHARL *L. af.*

HARMEN *kyk vies nog 'n oomblik na die deur waar Bloem uitgegaan het.*

GEERTRUY *draai smekend na Harmen en maak 'n angstige geluidjie.*

HARMEN, *grimmig:* So 'n kale windmaker! — (*Asof hy na iets soek*): Hy lyk my asof hy eenmaal 'n dansmeester was . . . . of nee, raai! 'n Ryk man se lakei? — Wat gesteel het? — Ek sweer hy het in Holland kennis gemaak met die rasphuis [tronk vir strafarbeid].

GEERTRUY, *sag en bedees:* Ouboet!

HARMEN *hoor haar nie; draai kwaad na haar:* Wie gee daardie Bloem die reg om my sustertjie, 'n getroude vrou, sy „mooie kind" te noem? En ek, 'n heemraad — ek is sommer ongesjeneerd Friesema; asof ek sy tuinman was! So 'n hotnotbrakkie!

GEERTRUY, *half laggerig oor Harmen se geknor:* Ag, Ouboet, dis mos tog ons eie eer om enige gas fatsoenlik te ontvang. By jou het ek vandag gesien hoe jy beleef kan wees — en hom tog op sy plek hou.

HARMEN, *met 'n glimlag:* En wat wil my kleinsus vanmôre van my hê?

GEERTRUY, *ernstig, byna in trane:* Ouboet, jy moet h e l p !

HARMEN *kom nader, sit amper verleë sy arm 'n oomblik beskermend om haar skouers:* Wat is dit, kuiken?

GEERTRUY *druk hulpsoekend teen hom:* Boet Harmen, Charl is die laaste tyd so neerslagtig en moedeloos: oor ons eie boerdery en oor die toekoms van ons land. Jy het dit mos self gesien. Dit lyk my amper, na sy praat, hy wil hier maar verkoop. (*Leun haar koppie teen Harmen se bors*): En ek was so gelukkig hier — en ek het my verbeel watter flukse boerevrou ek al was.

HARMEN, *vaderlik troostend:* En dit w a s jy, kleine Geertjie!

GEERTRUY *snik byna:* Ek dog ek help saam opbou vir ons seuntjie. En nou lyk dit my asof die vader nie meer glo aan die toekoms van ons land nie. — „Hierdie land" sê hy partykeer. — Asof hy selfs dink daaraan om terug te gaan na Frankryk . . . . (*huiwerig*): ja, asof hy daarvoor sy geloof selfs sou kon prysgee. Ouboet, vandag moet jy b a i e help! Van j o u raad dink hy meer selfs, glo ek, as van die woord van *sieur* Guilleaume, sy vader.

HARMEN: Sustertjie, ek staan by jou — met al my kragte!

GEERTRUY: Ek is so bly, boet Harmen . . . . En ek is seker dis juis hierdie meneer Bloem wat hom verkeerde gedagtes inge . . . .

HARMEN *val haar bulderend in die rede:* „Meneer?" Hy? vir wie jou ouboet sommer familjaar „Friesema" is. Jy noem hom kort-af Bloem! — of as dit te kort lyk: „smeerlap Bloem" . . . . (*Met bromstem*): God mag hom genadig gewees het as hy vandag „oom" vir my gesê het!

GEERTRUY *lag weer bietjie:* Baie dankie, Ouboet. Jy is so sterk. Jy gee enige mens weer moed. — (*Kyk na L.*): Ag praat verstandig met hom. Daar kom hy; ek hoor hoe hy die deur van die voorhuis toedruk teen die wind.

HARMEN *brom:* Verstandig? Ek voel lus om die seun oor my knie te trek. (*Maar lag haar vriendelik toe.*)

CHARL *L. op.*

HARMEN: En toe? Roerend afskeid geneem van jou blink Kaapse vriend?

CHARL, *bedruk*: Vriend?

HARMEN, *skynbaar verbaas:* O nie meer nie?

CHARL: Nooit gewees nie!

HARMEN: Nou . . . . maar? Hy ten minste — het dit my gelyk, was só . . . a m i k a a l, amper hand-om-die-nek.

CHARL: Ouboet, moenie nog spot nie!

GEERTRUY *kyk verleë deur die venster na R., waar die wieg buite staan.*

HARMEN *kyk ernstig in Charl se gesig.*

CHARL, *haastig en verleë:* As 'n kwaai hond jou wil byt, sal jy nie enige stok gryp om hom te slaan nie?

GEERTRUY *draai gou om:* Is daardie Bloem die hond?

CHARL: Hy is die stok.

HARMEN: Ek sou eerder sê: 'n gebroke riet . . . . wat jou hand sal sny.

CHARL *borrel uit:* Swaer Harmen, w e e t jy hoe dit met my staan?

HARMEN, *nadenkend:* Nou! Ek sou sê (*tel met sy vingers, van die pinkie af*): 'n flukse vroutjie, al is sy my eie sustertjie. 'n Pragvulletjie van 'n seun. 'n Vrugbare stukkie aarde; met sterk water. (*Steek die duim op*): En 'n knap boer daarop. — Ek sien 'n mooi toekoms vir julle en julle kinders.

CHARL: So het ek self miskien eenmaal gedink.

GEERTRUY: En vandag, Charl, my man?

CHARL *draai na Harmen:* Harmen! Watter toekoms sien jy eerlik vandag vir ons kindjie?

HARMEN: En jy?

CHARL: Moet hy ook maar 'n sukkelende boertjie word?

HARMEN: Die b o e r, Charl, sal die wegbaner, die krygsman, die edelman van Afrika word!

CHARL: Vir wie gaan hy die weg baan? — Dis wat my bekommer.

HARMEN, *asof hy self skrik; kyk Charl ernstig aan:* In alle geval, dit hoop ek, n i e vir 'n later geslag van „Bloeme" nie!

GEERTRUY *roep uit:* So swak mag hulle nie wees nie!

CHARL *skud sy kop:* Julle kyk vir my te vér vooruit. Die boer het met vanjaar se weer te doen en die oes wat kom; met die opbou van sy plaas en sy kuddes — en, op sy langste, met die versorging van sy eie kinders.

HARMEN: Jy is reg, Charl. Dit het jy baie mooi gesê.

CHARL *bars opgewonde uit:* En werk ek nie hard nie? Gebruik ek nie my verstand nie? (*Kyk na Geertruy*): En ek is geseën met 'n kranige vroutjie wat my so wakker bystaan.

HARMEN: Dit is die waarheid.

CHARL *vaar uit:* En w a a r staan ek vandag? Ek het my lande verdubbel; maar ek sal minder oes. Ek het vore uitgehaal om my wingerd en tuine nat te lei; en nou verwaai en verdor dié ellendige wind alles.

HARMEN, *sag:* Ek weet dit is erg. Maar slegte jare kry elke boer.

CHARL, *kwaaier:* Ek verbeter my vee. Ek wen voer vir die skaars maande. — En vir wie? Vir barbare en roofgedierte! Twee jaar gelede was dit meer gewees as vandag.

HARMEN, *troostend:* Daardie pad het ons almal geloop, Charl. Oom Guilleaume, jou vader, het dit in die begin nog suurder getref.

CHARL: Dit weet ek. Maar met die tyd behoort dit nou tog

effens makliker te word. Moet my seun nog dieselfde gesukkel deurmaak?

HARMEN, *ernstig:* Dit sal nooit makliker word nie.

CHARL: Jy sê dit self!

HARMEN: Ek bedoel: stryd en swaar-kry sal nooit ophou nie. — As dit sou ophou, sou ons saf word; en die kleinste windjie sal ons omwaai.

CHARL, *senuweeagtig:* Dis geen w i n d j i e wat nou al ag dae waai nie — en al my goeie hoop en harde arbeid tot niet maak. (*Spottend*): Vergange het ek by Vader gespog, vanjaar sal ek botterpere vir hom wys soos hyself nooit in die Provence gekweek het nie. Kom kyk nou! Die bome lyk soos halfgeplukte hoenders — en al die halfryp pere lê gesaai oor die grond.

GEERTRUY, *met 'n glimlaggie:* Ek het dié wat afgeval het vanmôre gaan optel. Ek stowe dit in die plek van groente; net so 'n bietjie suiker en vet het ek daarvoor nodig. En die rypstes droog ek.

HARMEN: Dis reg, sustertjie. — En as die wind jou pere bietjie uitdun, swaer, dan sal dié wat oorbly soveel te groter en soeter wees. Dan sal jy eers kan spog by jou vader! (*Lag*): As die wind nie help nie sal die bome hulle dood dra; of ons boere sou te weelderig ryk word.

CHARL, *onseker:* Swaer Harmen! Jy het self so 'n groot hart dat jy ander ook byna kan aansteek. Maar . . . . (*hoor skielik weer 'n besonder harde vlaag van die suidooste-wind; skud opgewonde sy vuis*) maar luister net weer na daardie verwoestende wind! Ná 'n paar dae daarvan is dit asof hy die murg uit my uitsuig.

HARMEN *skud sy kop:* Ek weet tog, Charl, dat jy vir moeite en gevaar nie bang is nie. Jy het jou anders hier so goed ingeleef.

CHARL, *nerveus:* Julle voel dit glo nie só nie. J u l l e stam stam dáár van die woeste stormgeteisterde noordekuste, waar dit die halwe jaar winter is, waar die son maar selde skyn. Die Provence was anders. — O ja, ons is gewoond aan harde grond en aan harde werk; gewoond aan droë somers en reën in die winter — net soos hier aan die Kaap.

HARMEN: Ek is hier gebore; ek is 'n Afrikaner. Maar my voorgeslagte was boere en seevaarders gewees, daar aan die strawwe Noordseekus — gewoond aan e n i g e soort weer, aan enige moeilikheid wat jou skielik oorval.

CHARL, *sonder bitterheid:* Ek weet jy verstaan my nie.

HARMEN, *hartlik:* Charl, dis nie die weer nie. Dis die man! (*Plegtig*): En die moeder wat God hom gegee het. — Dank God dat jou kind 'n moeder het wat haar nie steur aan die wind en die weer nie! Ons jong land het mense nodig wat vir die onverwagte ook gereed is — en wat 'n plan kan maak.

CHARL, *neerslagtig:* Ag, Ouboet; en nou is dit ek wat vér in die toekoms wil kyk. Dis die swakke hoop op die toekoms van ons klompie witmense hier . . . . Die laaste maande begin dit my te kwel.

GEERTRUY, *ewe beskeie:* Charl, ek reken so: as iedereen maar net op sy eie plekkie sy plig wil doen . . . . (*half verleë*): dan sorg hy al vir die toekoms.

CHARL *kyk haar vriendelik aan en raak 'n oomblik sag aan haar arm. Draai na Harmen:* Ek het dit vanmôre al aan Geertruy gesê: Die jaar voor my troue het ek meer gehad as vandag. En wie sê? al haal ek dit weer in — ek kan ook 'n volgende keer, feitlik sonder eie skuld, weer net so agteruitboer soos ek nou agteruit geboer het.

HARMEN *kyk hom verbaas aan.*

GEERTRUY, *troostend, gou:* Bietjie minder vee miskien vandag, my man!

HARMEN, *bulderend:* Agteruit geboer? Potvertikkie, kêrel! Wat praat jy nou, my liewe Charl? — Kleinsus, jy is reg. — Maar, swaer! Kan jy nie sien wat jy in hierdie plaas ingesit het nie; wat jy opgebou het? Die waarde is vér meer as verdubbel . . . . Ek wonder my wat jou plaas vandag werd is. (*Onverwags en ongeërg*): Wil jy aan my verkoop?

CHARL *kyk hom skuldbewus aan.*

HARMEN, *ewe saaklik:* Soveel kontant het ek wel nie . . . . Daar is 'n gawe, flukse seun; hy het amper niks nie; hy en my oudste dogter beginne ogies maak vir mekaar. — As jy my drie, vier jaar uitstel wil gee, sal ek met plesier agduisend gulde betaal; met rente op die onbetaalde deel. Omtrent die helfte kan jy darem byna dadelik kry.

CHARL *kyk hom ongelowig en verslae aan.*

GEERTRUY, *op die plek smoorkwaad:* Ouboet, dan praat ek nooit weer 'n woord met jou nie.

HARMEN *lag:* Nee, Geertjie, ek kan Charl darem ook nie as 'n Kaapse stoepsitter en kopies-snuffelaar sien nie.

CHARL, *byna verstomd:* Het jy gesê agduisend, Ouboet?

HARMEN: Ek is te arm om m e e r te betaal.

GEERTRUY: Jy gaan n i k s vir hierdie plaas aanbied nie! (*Kyk skielik ernstig na Charl*): Nou moet j y ook praat, Charl.

CHARL, *skamerig:* Geertruy, dit gaan nie nou oor verkoop nie. Maar nou sal ek praat. Adam Bloem het my vaneffe sesduisend gulde aangebied . . . . en ek het gesê dis meer as wat ekself vir die plaas sou gee.

HARMEN, *padlangs:* Jou swaap!

CHARL, *ewe nederig:* Ja, ek was 'n swaap.

NATIONAL DRAMA LIBRARY
NASIONALE DRAMA BIBLIOTEEK
BLOEMFONTEIN

HARMEN *frons sy winkbroue:* Maar Bloem? Wat wil hy met 'n plaas maak? Hy kan aan sy fyne handjies tog nie eelte kry nie. (*Lag*): Hy sal nie binne vyf tree van 'n hondmak vaarlandskoeitjie se horings kom nie.

CHARL: Hy wou dit as 'n waagstuk koop; hy sê hy wil dit weer aan iemand anders probeer verkoop.

HARMEN: Aan wie nogal?

CHARL: Hy hoop om dit met 'n klein wins aan . . . .

HARMEN *snork:* Hoop?

CHARL: Vertroulik het hy my vertel van 'n onnosele opperkoopman van die Compagnie, wat verlief geword het op ons Kaapse landstreek — en op 'n Kaapse nooie; en wat sulke digterlike drome van die boerelewe het.

HARMEN *lag hard:* Daardie Bloem! Ek sou hom nooit daarvoor aangesien het dat hy self sulke bloemryke verdigsels . . . . kon dig nie. — Hy praat seker van my vriend, die Rynlander Kupers. Hy het pas opperkoopman geword. En dié kêrel het 'n lang kop.

CHARL, *verbaas:* Ken jy hom?

HARMEN: Hy was al twee, drie keer by my; want hy het oral hier rondgekyk. Maar hy is getroud — daar het Bloem gelieg — met 'n flukse vroutjie uit Gelderland. Hy het groot geword in 'n vrugbare wynstreek, en oor grond en wingerd en wyn maak kon ek iets by hom leer. — Weet jy, hy was op julle plaas so verlief; maar ek het gesê julle sal nooit verkoop nie.

GEERTRUY: Natuurlik nie!

HARMEN, *met 'n glimlag:* Hy sou bereid gewees het om tussen ag- en negeduisend gulde te betaal. Kontant. Hm! dus nogal 'n veilige „waagstuk" vir jou meneer Bloem — wat dit seker ergens uitgeruik het.

GEERTRUY, *verontwaardig:* „Meneer", Ouboet? Jy was flus reg . . . . 'n smeerlap is hy; daardie stinkbloem!

HARMEN *lag hard:* Reg is jy, Kleinsus! Ek hoop jy dink ook so, Charl.

CHARL *vuurwarm:* Ek sal sy ore afsny!

HARMEN: Ek het die beste hoop dat die Fiskaal dit eerlang nog sal doen. Sy rieme sal hy nog styfloop! Só 'n . . . . (*brom iets veragteliks tussen sy tande en maak asof hy iets uitspoeg*).

GEERTRUY *sit bly en troostend haar arm om Charl se nek:* O Charl, nou ken ons vir Bloem. Nou ja ons hom met die honde weg as hy hom hier weer wipperig wil hou!

CHARL, *met 'n byna verskrikte uitdrukking op sy gesig druk hy eintlik ru Geertruy se arm weg:* Ag, mense!

GEERTRUY, *treurig en angstig:* Ouboet, ek dink Charl moet 'n siekte onder lede hê.

HARMEN *kyk hom skielik baie ernstig aan:* Swaer! Is daar iets anders? (*Met nadruk; stadig*): Skuld jy daardie gladakker altemits geld?

CHARL, *ontwykend:* Ag; hoe vra jy nou so?

HARMEN, *hartlik:* Broer! Jy weet ek steek my neus nie in ander se sake nie. Maar ons boere moet bymekaarstaan. En jy is my kleinsus se man. Dis hoekom ek vra.

CHARL: Nou dan, swaer: Ja. Ek skuld hom driehonderd gulde. Dis wat ek geleen het. Maar my wisselbrief, wat oor nege weke verval, is vir vierhonderd-en-vyftig. En kan jy nie self sien hoe my toestand is nie? terwyl die jaar so teëspoedig is. Ek sien geen kans om vierhonderd-en-vyftig gulde terug te betaal nie . . . . En as dit weer vyftig-ten-honderd moet wees, dan skuld ek hom teen anderjaar se oes seshonderd-vyf-en-sewentig.

GEERTRUY: Driehonderd gulde? O, Charl! Waarvoor?

CHARL: My liefling, dit was vir jou: vir jou ses weke in die Kaap, en die *sage-femme* [vroedvrou], en die dokter van die Goewerneur. — Dit was vir die geboorte van ons kindjie.

GEERTRUY *omhels en soen hom:* Dankie, Charl! . . . . Maar my ou man, watter weelde en Franse fiemies moes dit nou wees? en watter geldmors? Ou même Mai hier op Zandvliet sou net so goed gewees het; sy het al my susters gehelp. As jy haar 'n speenvarkie gee en 'n handvol snuif daartoe, reken sy jy het te veel betaal. — Nooit weer jou Kaapse geldwolwe nie!

HARMEN: Nee, Sustertjie, dit was mooi van Charl gewees . . . . En, swaer! kyk, ek het juis vierhonderd-en-dertig gulde by die huis te lê — wat ek bietjie mee opgeskeep sit. Ek sou dit seker sleg bestee het; of dit kon 'n droster verlei om in te breek. Neem jy dit nou — sonder rente; en betaal jy dadelik daardie (*loer tergend onderdeur na Geertruy*) . . . . daardie g e l d w o l f (dis jou eie woord, kleinmeid!): „meneer" Adam . . . . Stinkblom.

CHARL *druk warm sy hand:* O, Harmen! (*Dan meteens agterna*): Maar swaer, hoe gaan ek dit o o i t terugbetaal? As hierdie land se wreedheid my só vervolg.

HARMEN: Maklik! Jy boer so fluks vooruit . . . . Maar luister: vir elke volgende seun wat jy en Geertruy het, skink ek honderd-en-twintig gulde — as doop-present.

GEERTRUY, *met blink oë:* My gawe groot broer! . . . . Maar boet Harmen, dit kan jou straks d u u r uitkom.

HARMEN *lag:* Dit sou my 'n vreugde wees; juis wanneer daar bietjie meer as drie sou volg.

CHARL: Ek bekommer my reeds oor die toekoms van hierdie een seun.

GEERTRUY, *moedig:* Ek nie!

HARMEN: Nee wat! Klein Giliam sal die standvastigheid erwe van sy oupa na wie hy hiet; en die fluksheid en vernuftigheid as boer van sy vader Charl.

GEERTRUY: Dit sal hy, Ouboet.

HARMEN: Daar is nie 'n man hier aan Cabo die Goeie Hoop vir wie ek groter agting het as vir oom Guilleaume nie. Vir sy oortuiging het hy sy vaderland verlaat en sy plaas opgeoffer en alles wat hy gehad het. Sonder iets moes hy hier as middeljarige man van voor af beginne. Vandag is hy een van ons vaders; 'n raadgewer in die gemeenskap en in die landbou. Ons het veel van hom geleer . . . . Ek sou darem bly wees as julle die klein-man Wilhelmus sou noem; dis tog maar dieselfde as julle Guilleaume.

GEERTRUY, *gou:* Nee, Ouboet. Dit sou Vader se hart seermaak. Dit mag nie!

CHARL: Ek sal jou sê: vroutjie, jy en swaer Harmen, julle noem hom Wilhelmus; en ek en my mense noem hom Guilleaume.

GEERTRUY, *bly:* Dis 'n plan. In my hart noem ek hom mos al Willempie; ek sal hom Willempie noem. — (*Ernstig*): Ouboet, ons oorlede vader was Wilhelmus.

HARMEN: Ek het daaraan gedink . . . . (*Draai skielik na Charl*): Maar, Charl. (*Skud sy kop*): Jou muilesel! Ja, nou moet ek sonder komplimentjies praat. Want ek is waarlik kwaad vir jou . . . . Watter dwaasheid het jou nou gery dat jy met my nie kom praat het nie?

CHARL *kyk weg en steun net.*

HARMEN *draai na Geertruy:* Geertruy, sustertjie, nou verstaan ek alles beter. By al die bekommernis van die siel het die oostewind maar net nog bygekom — met sy tergende vernielsug. A l l e e n sou dit Charl nie só gemartel het nie.

CHARL: Ek glo nie jy kan werklik verstaan nie, swaer.

HARMEN, *sag:* Charl, ou seun, wie dieselfde siekte deurgemaak het, die kan darem bietjie verstaan.

CHARL *kyk hom amper bly aan:* Dieselfde siekte, Ouboet?

HARMEN: Ja! Vandag moet ek wel daarmee uitkom . . . . En my skuld was nie vir so 'n mooi saak soos joune nie. Een van Bloem se soort — daar is altyd van hulle — het my omgepraat. Hy het my as *participant* ingeneem. Ek wou mos deur spekulasie sommer gou ryk word. Die skuldbedrag was meer, en die rente was hoër. — Ja, en toe misluk die spekulasie. En dieselfde jaar het 'n misoes my getref; ek kon die bewysie nie betaal nie.

CHARL: En toe?

HARMEN: Daar was ek toe verstandiger as jy . . . . ek het met oom Guilleaume gaan praat.

CHARL: Met Vader?

HARMEN: Ja, Charl, met jou vader. Jy was nog amper 'n jongeling. — Hy het self gesukkel in daardie tyd; maar dadelik wou hy 'n derde van wat ek geskuld het, voorskiet aan my. En hy het gaan praat met 'n suinige ou buurman van wie ek eers maar min gehou het. Hulle twee het my die geld geleen om los te kom — sonder rente. Maar sommer die volgende oes was pragtig; daar was baie uitlandse skepe in die Baai, en pryse was goed. Ek kon daardie twee helpers dadelik tot op die laaste stuiwer terugbetaal — en rente ook.

CHARL: Swaer!

HARMEN: Ja, Charl; ek weet goed hoe jy gevoel het. Die eensame verwyt; die slapelose angs vir die skuld; die skaamte dat so iemand 'n vat op jou het! — Jy is dan nie meer 'n vrye man nie. En dan word dit soos 'n siekte.

CHARL: Erger as siekte — swaer Harmen! Jy het my vandag uit die modder uitgetrek. Nog kan ek nie met die regte woorde sê hoe dankbaar ek jou is nie.

HARMEN, *amper ru:* En as jy my nie kwaad wil hê nie, bly jy ook later daarvan stil!

CHARL *glimlag effens weemoedig:* Ek dra miskien te swaar aan my gedagtes; ek dink miskien nog altyd te veel aan wat in my geboorteland met ons gebeur het . . . . En jy voel jou verantwoordelikheid sterker wanneer jy kinders het.

GEERTRUY, *met 'n glimlag, gou:* Nog maar die eerste, Charl.

CHARL *kyk haar half verwonderd aan; dan weer tot Harmen:* Ek erken, ons het al v e e l uitgerig: die wêreld hier aan Cabo die Goeie Hoop vrugbaarder en makker gemaak. Leeus het ons al baasgeraak. Tiers en ander ongedierte sien ek ook kans voor. Maar die wrede land self! en al die swarte nasies!

GEERTRUY: Dit moet jy aan jou seuns oorlaat, en hulle kinders.

CHARL *kyk haar getroffe weer aan; dan tot Harmen:* Na die noorde is dit woestyn. Ek was al diep die land in.

HARMEN: Tog lewe groot troppe wild daar. Ek het ook al ver gereis.

CHARL: Dit weet ek. Jy sal verstaan. — En na die ooste lê daar die woeste nasies van die *Caffres* voor, veel sterker as die Hottentotte. (*Tot Geertruy*): Hul gelaat is swart soos ebbehout; hul oë is rooi van bloedgierigheid.

HARMEN *knik.*

CHARL: En ons kan tog nie algar op hierdie kolletjie bly nie.

HARMEN: Veel meer kan hier lewe as ons beter boer. En hoe meer ons word — hoe beter ons kan saamwerk en hoe meer ons kan uitrig!

CHARL: Maar gou sal ons tog te veel word.

GEERTRUY: Dan spring die jonges uit en begin weer soos die vaders begin het.

CHARL *kyk haar ernstig aan:* Vroutjie! jy is reg. Maar dit sal swaarder en swaarder word.

HARMEN: Bekommer jou vandag nie daaroor nie. Leer hulle net reg! En daar moet b a i e wees wat bymekaarstaan. As dit baklei word, moet dit b a k l e i wees! . . . . Eintlik dink ek: Ons moet hulle uit-w e r k en uitwoon! Maar ek reken ook: Ons sal hulle moet wys hoe om beter te boer, hoe om regtig te werk . . . . en hoe hulle by ons veiligheid kan leer teen siekte en hongersnood.

CHARL, *huiwerig onder die indruk:* Ouboet, dis groot dinge wat jy hier afskilder. Maar wie sê die swartes sal ooit ook dankbaar wees?

HARMEN: Dit weet ek nie. Maar . . . . dis die witman se taak om altyd voor te bly, en om sy roeping te vervul in ons land van Afrika.

GEERTRUY *het intussen suutjies na die venster gegaan om te loer na die wieg van haar seun; gooi haar hande op:* Die klein vabond is wakker. Hoor tog, hoor tog hoe kraai die outjie vir die takke wat waai oor sy kop! Jy hoor hom bo die wind . . . . En kyk! kyk, hoe vang hy na die blare wat val. (*Sy loer skuins uit na R. waar die wieg staan.*)

CHARL, *nog bietjie bitter:* Ja, môre sal daar ook nie baie blare oor wees, Geertruy, vir koelte bo jou kind se mandjie nie! (*Kom tog belangstellend nader om oor Geertruy se skouer saam te kyk.*)

HARMEN *lag*: As jy môre dié wegvee wat op die grond lê, sal jy oormôre niks daarvan weet nie. (*Kom ook nader en kyk ernstig oor die ander twee uit*): Ha! kyk! d i s mos my peetseuntjie.

CHARL, *trots:* Kyk hoe skop hy dat die kombersie so waai. En kyk! kyk hoe skerm hy met sy armpies! Hy probeer die blare vang.

HARMEN *roep uit:* Hy lig sy hele bolyf eintlik op. Dit sal 'n sterk seun word.

GEERTRUY *lag met heldere stem:* En daar het hy 'n blaartjie werklik raak gevang.

CHARL: En nou met die linkerhand nog ene. Hoesee!

HARMEN, *ernstig:* Ek het jou mos gesê, ons kinders moet nie bang wees vir die oostewind — of vir swaarder beproewings nie. — Jou seun maak sommer van die begin m a a t s met die suidóos . . . . en dis beter so.

GEERTRUY *draai haar kop om en kyk Charl blymoedig aan.*

CHARL *sit half van agter sy linkerarm om Geertruy se skouer en trek haar sag teen hom; met sy regterhand vat hy sterk aan Harmen se arm:* Ja, dis beter só— en reg! My klein seuntjie sal my voorbeeld wees . . . . En swaer Harmen (*druk sy arm harder*): Ek sal my nooit weer laat verlei deur die soort praatjies van 'n Bloem nie. En deur jou tydige hulp kan ek hom nou afskop van my werf af — as hy hier ooit weer stuitig word. (*Gryp Harmen se hand en druk dit hard.*)

HARMEN *snork so effens om sy aangedaanheid weg te steek:* Maar kyk d a a r! Julle seuntjie wil eintlik uitvlie uit sy mandjie. Hy mik hoog. Hy sal dié land van ons eendag help opbou; daar sweer ek voor.

GEERTRUY, *rustig en plegtig:* En net so sy broers en sussies! — (*Skielik*): Maar nou moet ek eers gou gaan kyk dat Willempie daardie persikeblare nie in sy mond steek en eet nie. (*Lag*): Te v e e l kordaat op een môre is ook nie goed nie. (*Draai dadelik na die deur.*)

GORDYN VINNIG AF.

AS SLOTSPREUK:

„La fécondité, qui devait être la force principale des Boers, se manifeste donc dès que leur race commence à se former." — HENRI DEHÉRAIN, *Le Cap de Bonne-Espérance au* XVII^e *Siècle* (Parys 1909), bl. 134.

[Die kinderrykheid, wat die Boere se hoofsterkte sou word, sien ons dus vanaf die wordingsjare van hulle ras. — Henri Dehérain, Die Kaap die Goeie Hoop in die Sewentiende Eeu.]

Mei 1945.